DEEL 116 | WEEK 26 | 28 JUNIE 2024 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Frankfort brandweer help vlamme blus




Die gebrek aan 'n voldoende brandweerdiens in Heilbron gaan eienaars van twee besighede miljoene rande kos. Die brand wat gisteraand omstreeks 23:00 by die Cleopatra Casino oorkant Roos Meubels ontstaan het, is vermoedelik veroorsaak deur 'n kortsluiting by die verdeelbord van die dobbelhuis. Die sekuriteitswag wat aan diens was, het verduidelik dat die alarmstelsel van die dobbelhuis afgegaan het. By nadere ondersoek daarna het hy opgemerk dat die ligte van die dobbelhuis afgaan en vlamme het verskyn. Johan van Vuuren, mede-eienaar van die The Old Goat and the Fox wat reg langs Cleopatra geleë is het die ernstigheid van die situasie beklemtoon: "Heilbron het nie 'n brandweerwa nie. Ons moes 'n buurdorp se brandweerwa gebruik, wat 'n hele uur weg is. Daar is ook nie water in Heilbron nie, waar moes ons water kry om die vuur te blus? Ons moes boere bel om ons te help met hulle vuurvegters." Dit kom nadat die vlamme versprei het na die kuierplek wat nog net drie weke amptelik oop is. Kliënte van The Old Goat and the Fox is gevra om na buite te gaan vir hulle eie veiligheid. Hy het Heilbron se nooddienste geskakel vir hulp. Weens die omvang van die vuur en die gebrek aan 'n behoorlike brandweerwa is daar toe ook hulp vanaf Frankfort ontbied. Die gemeenskap het egter vinnig saamgespan om te help. Van Vuuren bedank veral Jannie Swanepoel, Arnold Engelbrecht, Stoffel Snyman, Gammie Breitenbach en sy seun, asook Jannie en Monette Bornman: "Dis nie enige iemand wie ons 1 uur die oggend kan bel en hulle kom help dadelik nie." Daar is duisende rande se skade by die dobbelhuis, aangesien die hele gebou amper afgebrand is. Die skade aan hulle besigheid sal Vrydag deur 'n assessor bepaal word, maar die kuierplek sal na verwagting vir ongeveer drie maande gesluit wees. Van Vuuren is dankbaar vir die ondersteuning van die gemeenskap, maar die voorval onderstreep die kritieke behoefte aan beter brandweerhulpbronne, asook die waterkrisis in Heilbron.

*Op die foto: Johan van Vuuren, mede-eienaar van die The Old Goat and the Fox.*

# Randwater dreig om toevoer verder te verminder

Kragtens 'n mediaverklaring uitgereik deur Randwater op 24 Mei 2024 sou Heilbron se watertoevoer met 'n verdere 20% ingekort word weens wanbetaling van Heilbron se uitstaande rekening en skuld wat gesamentlik ongeveer R66 miljoen beloop, tensy die munisipaliteit binne 30 dae die skuld betaal of 'n aanvaarbare afbetalingsreëling kon tref.

"Wat egter uiters verwarrend is, dat die kennisgewing vermeld dat die beoogde 20% vermindering Heilbron steeds met 80% van sy "normale" toevoer sou laat", sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe aan Herald. "Heilbron se "normale" toevoer was tot ongeveer Desember 2023 min of meer 8 Megaliter per dag, maar Randwater het dit reeds op 13 Desember 2023 verminder na ongeveer 4,6 Megaliter per dag". Dit is tans onduidelik of Randwater beoog om 'n verdere 20% te sny op die reeds totaal ontoereikende ongeveer 4,6 Megaliter per dag wat tans voorsien word. Sou dit die plan wees sal dit Heilbron laat met toevoer van 'n skamele 3,7 Megaliter per dag wat nog groter katastrofiese gevolge vir die dorp sal inhou. Op versoek en aandrang van raadslid Van der Merwe het raadslede en amptenary van Heilbron Maandagoggend vergader om die dreigende krisis te bespreek en aan te spreek. Drie hoofpunte was op die agenda, naamlik eerstens planne om die bestaande beskikbare water meer eweredig aan inwoners te versprei, tweedens om te poog om die burgemeester en waarnemende munisipale bestuurder te maan om dringend 'n afbetalingsplan met Randwater te beding en derdens om kennis te neem van die dreigende waterkrisis wat tans die hele land in die gesig staar en om vroegtydig na alternatiewe waterbronne te begin soek.

*- Sien berig op bl 4 oor moontlike oplossings.*






# UIT DIE PEN:



## Week 26

My Standbeeld maak vordering. Verlede week se x-strale het gewys dat die fibula vas is, met skroewe en met beenselle. Dis mooi, sê die dokter, die tibia het ook amper genees. My wat, vra ek? Die ortopeed kyk na die plate: "Kyk daar, daar was ook 'n fraktuur."

My kennis van x-strale is glad nie skougehalte nie, maar ek sien die wit merkie. "Het jy pyn?" Wat gaan die Dr sê as ek sê dat ek nog af en toe lekker seer het? Gaan hy dink ek is 'n sissie? "Want dis normaal." Ek dog ek bars in trane uit. Nie omdat ek pyn het nie, maar omdat ek pyn mag ondervind.

"Wys my hoe jy jou voet kan beweeg." Hy hou my voet vas. Diè bewe soos 'n baie ou tannie se kierie. Ek lig dit op en af. Baie effens, maar steeds. "En dis ook normaal." Ek dog ek huil weer.

Dit was my twee grootste bekommernisse: dat ek dalk veronderstel is om geen pyn te hê nie en omdat ek nog nie soos 'n ballerina kan ronddobber nie. My goeie man sê ek maak te veel reëls vir myself. Ek moet dit of dat kan doen, en as ek nie kan nie, raak ek kwaad en bang.

Die afgelope paar weke was ek baie op Facebook, veral in die nag wanneer my Standbeeld my uit die slaap hou. Ja, ek was ook die een wat gesê het dat sosiale media 'n euwel is. Maar, ek het my voorbehoude. Ek pos baie min goed op Facebook, indien enige. Ek vrek voor ek erken: ek weet eintlik nie hoe nie. Nou ja, lag nou klaar. Ek lag ook vir myself. Wanneer ek sien hoe ander mense TikTok of Instagram, maak my brein toe. Daar is veel ander dinge om te doen as om die hele dag op sosiale media te wees en my vakansiefotos daar te plaas.

Want die meeste mense is mooi en ryk en slim op sosiale media. Meeste van die inskrwings is gerig op sensasie en om nog meer volgelinge te kry. Wat ek deesdae agterkom is dat elke Jan Rap en sy buurvrou kos maak. Daar is omtrent op elke DSTV kanaal kook- en bakprogramme, jy sal nie eers die helfte van die resepte onthou nie.

Hier is wat ek nie verstaan nie. Mnr en Mev Rap se resepte kom met 'n lokaas: "As jy twee aartappels, een wortel en 'n knippie sout het, kan jy hierdie maak!" Natuurlik klik ek dan op die skakel, want ek het twee aartappels en een wortel. En 'n knippie sout.

Wanneer die video begin, is daar 'n paar hande met goed gemanikuurde naels wat die wortel rasper. 'n Ui word nader getrek en fyngekap. Sonder om een van die naels te tjip. Dan word dit met komyn en kerrie gebraai. Met 'n knippie sout.

Lang naels gooi diè versigtig in 'n oondbak. Langsaan die uie kom die gerasperde wortel. Nou gesnyde groenbone, alles netjies in gelid. Gekapte sampioene en spinasie word in gelid gepak. Nou word daar 'n vleisie bygevoeg. Alles netjies in rye.

Dan vat Lang Naels die houtlepel en roer en roer tot al die bestanddele deurmekaar is. Ek wonder oor twee goed: hoekom net adverteer dat daar twee bestanddele is en hoekom alles in rye pak as dit iedergeval gemeng moet word?

Die werkoppervlak is altyd silwerskoon. Die deursnee huiskok se werkoppervlak is nie die hele tyd skoon en netjies nie. Maar wel die Facebookkokke. Hulle potte is splinternuut en die spatula nog nooit gebruik nie. Niks spat die wêreld vol nie. Wanneer hulle twee bakkies se inhoud bymekaar gooi, krap hulle nie alles uit nie. Daar bly altyd iets oor.

Die gebak wat uit die oond kom, is veel meer as net een keer die resep. Hulle oonde bak perfek en niks sit ooit in die pan vas of het gebrand nie. Hulle kan, lyk dit vir my, vir enige kookkompetisie inskryf en ver wen.

Vir die eerste vier weke nadat ek Die Standbeeld gekry het, was ek nie eers in die kombuis nie. Dit is al 'n instelling by ons huis: my goeie man kry elke Saterdag 'n omelet met kaas en spek. Ek het aan die einde van die vierde week vir hom, so op die een been, 'n omelet gemaak. Wat 'n flop! Ek het sedertdien al nog drie gemaak, maar dit wil maar net nie lyk soos voordat ek op een been aangesukkel het nie. Dalk omdat ek nie sulke lang, gemanikuurde naels het nie. Miskien moet ek weer en weer na die videos en kookprogramme kyk.

Maar dalk werk dit nie omdat ek nie ook 'n splinternuwe pot en spatula nie. Maar ek werk daaraan.

Hou duimvas: ek gaan vanmiddag vir die eerste keer na die fisioterapeut toe. My pynpil lê gereed. Goeie man vat sy sakdoek saam. Alles net ter voorbereiding.

Lekker kook met twee aartappels en een wortel. En 'n knippie sout.

# Bron-van-Heil Aftreeoord sukkel met verstopte riole

Die bejaardes van die Bron-van-Heil Aftreeoord sit reeds langer as 'n maand in 'n benarde situasie. Ten spyte van talle klagtes aan die munisipaliteit, is daar nog steeds geen antwoord op die probleem nie. Die inwoners moet nou al vir meer as 'n maand saamleef met die ondraaglike reuk van twee verstopte rioolpunte by die aftreeoord.

'n Inwoner het bevestig dat hulle die munisipaliteit herhaaldelik in kennis gestel het, maar geen reaksie ontvang het nie. Dit het so erg geword dat die ontvangsdame van die oord die munisipaliteit een keer 'n week bel in die hoop dat hulle die rioolpunte sal kom ontblok. Volgens 'n werknemer by die oord moet Heilbron munisipaliteit eers 'n "'lorrie" van Parys af laat kom om die drein oop te suig omdat hulle glo nie die blokkasie oop kry met die toerusting wat aan Heilbron beskikbaar is nie. "Dit hou groot gesondheidsrisiko in," het een van die inwoners bekommerd vertel.

Die Heilbron Herald het ook vir Francis Moeketsi via WhatsApp van die geval in kennis gestel, maar tot op hede is daar geen terugvoer ontvang oor die situasie nie. Die gemeenskap hoop dat hierdie ernstige gesondheidskwessie spoedig aandag sal kry en opgelos sal word.

Die inwoners van Huis Bron-van-Heil het dringend hulp nodig om hierdie gesondheidsgevaar te stop en hulle leefomstandighede weer normaal te maak.

# AfriForum aan Rand Water:

## *Moenie Heilbron-inwoners straf vir Ngwathe se 'wandade'*

AfriForum doen 'n beroep op Rand Water – die grootste waterverskaffer in Afrika – om nie die watertoevoer na die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit, wat water aan onder meer Heilbron voorsien, te verminder nie. Die Heilbron-gemeenskap staar al vir etlike maande watertekorte in die gesig en Rand Water se voorneme om waterbesnoeiings toe te pas sal die krane waarskynlik heeltemal laat opdroog.

In AfriForum se kommentaar, wat op 21 Junie by Rand Water ingedien het, wys dié organisasie daarop dat water 'n fundamentele grondwetlike reg is vir 'n mens se lewensbestaan, sanitasie en gesondheid. AfriForum voer verder aan dat 'n vermindering in watervoorsiening nie net die gemeenskap in die algemeen negatief sal raak nie, maar ook die mees kwesbare lede van die gemeenskap. Die vermindering van water sal ook 'n groot sosio-ekonomiese impak op inwoners hê en veral skole sal daaronder ly.

Hierdie kommentaar volg nadat Rand Water kennisgewings uitgereik het met die voorneme om verskeie munisipaliteite, waaronder die Ngwathe-munisipaliteit, se watervoorsiening met 20% te verminder weens die munisipaliteite se uitstaande skuld en onvermoë om vir waterdienste te betaal.

AfriForum versoek dat die provinsiale of nasionale regeringsowerhede ingryp om 'n wedersydse voordelige oplossing te vind wat deurlopende toegang tot water vir alle inwoners verseker, terwyl die kwessie van uitstaande skuld opgelos word.

"Ek hoop werklik dat Rand Water hierop sal ag slaan, want soos dit reeds gesteld is, is Heilbron se inwoners al moedeloos met die gebrek aan water en ly nie net individue nie, maar talle ondernemings daaronder. Die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit doen nie hulle werk nie en sal tot verantwoording geroep moet word. Rand Water moet ophou om die inwoners te straf vir die wandade van die munisipaliteit," sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.

Raak by Heilbron se AfriForum-tak betrokke en help om jou omgewing beter te maak. Kontak Paul Bergh by 081 354 3073.

***Brief aangeheg.***

Alta Pretorius - Distrikskoördineerder: Mooirivier (AfriForum)
Sel: 081 392 2071 • E-pos: alta.pretorius@afriforum.co.za
Ischke van Eeden - Mediaskakelbeampte (AfriForum)
Sel: 084 603 3470 • E-pos: ischke.vaneeden@afriforum.co.za

**RAND WATER**

*Dear Sir/Mam,*

***VKLM01/2024 NOTICE, LLM01/2024 NOTICE, MLM01/2024 NOTICE, AND NLM01/2024 NOTICE: PROPOSED REDUCTION OF BULK POTABLE WATER SUPPLY SERVICES***

*I confirm that we act on behalf of our members, as well as the communities, who gave us the mandate to address the local service delivery issues within the territorial jurisdiction of the Merafong Local Municipality, Victor Khanye Local Municipality, Lesedi Local Municipality and Ngwathe Local Municipality (hereafter "municipalities"). AfriForum is a non-governmental organization with its primary purpose to protect the constitutional rights of its members and the communities to which these members belong. Accordingly, in the best interest of the said communities, we have established branches in the mentioned municipalities.*

*We wish to address the recent public notices of Rand Water's intention to reduce bulk potable water supply services to the municipalities mentioned above. These notices deal with the proposed 20% reduction in water supply to the municipalities due to outstanding debt and inability to pay for water services. While we understand the financial burden and pressure that unpaid debts can place on service providers, we firmly convey to Rand Water to urgently reconsider this decision for several compelling reasons:*

*1. It is important to highlight that the proposed reduction of water supply may be in violation of the Intergovernmental Relations Framework Act 13 of 2005 (hereinafter referred to as "the Act"). The Act emphasises the need for cooperation, relationships and support between various spheres of government to promote effective and efficient service delivery, and therefore resolve disputes without compromising essential needs and services to the public. Reducing water supply by infringing on intergovernmental relations as a punitive measure for outstanding debt, undermines the fundamental objectives and provisions of the Act, and could be deemed unlawful.*

*2. Access to water is a fundamental human right, as enshrined in the South African Constitution as well as International Human Rights Law as deemed important by the United Nations. A reduction in water supply will not only negatively affect the community overall but will disproportionately affect the most vulnerable members of these communities. By doing so, Rand Water will significantly compromise people's health, dignity, and well-being. The basic need for access to water, as stipulated in the Constitution, is essential for one's livelihood, sanitation, and health. Therefore, any action that restricts this access would have severe and far-reaching consequences.*

*3. The proposed reduction will not only affect residents' daily lives but also the local economy and public institutions, including schools and healthcare facilities. It is crucial to consider the broader socio-economic impact and the potential for increased community unrest and dissatisfaction. The continuous and persistent reduction of water supply has only negative consequences and will certainly contribute to the decline of economic growth.*

*4. Assistance should be acquired from provincial or national government authorities to address the financial challenges faced by the municipalities, ensuring that debt repayment is structured in a sustainable manner.*

*AfriForum firmly advises Rand Water to reconsider the decision to reduce water supply to the mentioned municipalities. We propose that Rand Water engages in constructive dialogue with the affected municipalities and relevant governmental bodies to find a mutual beneficial resolution that ensures continuous access to water for all residents while addressing the issue of outstanding debt. Lastly, AfriForum recommends that Rand Water stay within the framework of their legislative mandate to ensure that the interest of the public is not undermined.*

*Our rights as well as the members of the community's rights to use any remedy at our disposal is hereby reserved.*

*Sincerely,*

***Petrus Coetzee***
***Advisor: Local Government Affairs AfriForum***
***Cell: 083 297 9849***
***Email: petrus.coetzee@afriforum.co.za***

# Hettie Rothman tree af na 37 jaar




Die bekende gesig van Hettie Rothman, hoof operasionele bestuurder van Heilbron Kliniek, dien vandag haar laaste dag by die kliniek uit. Na 'n merkwaardige loopbaan van 37 jaar en 7 maande, het Hettie besluit om af te tree. Inwoners van Heilbron ken Hettie as 'n toegewyde en passievolle verpleegkundige wat deur haar jarelange diens 'n diep en blywende indruk op die gemeenskap gemaak het. Haar toewyding en liefde vir haar werk het die kliniek gehelp om onder die top 10 beste klinieke in Suid-Afrika te word, asook die beste in die Vrystaat. "Ek voel so geseënd om op 'n hoë noot af te sluit," sê Hettie. Rothman vertel dat haar eerste plan na haar aftrede is om 'n heerlike vakansie saam met haar man te vat, waarna sy sal terugkeer om 'n tuisteskepper te wees. Sy sien ook uit daarna om meer tyd saam met haar kinders en kleinkinders te spandeer. "Na 37 jaar en 7 maande wil ek net die gemeenskap bedank wat deel was van my loopbaan as verpleegkundige by die kliniek. Dit was 'n voorreg om te deel in almal se liefde en om die gemeenskap op hierdie besonderse manier te dien." Hoewel Hettie nie meer by die kliniek te sien sal wees nie, sal sy steeds in Heilbron bly woon. Haar teenwoordigheid in die gemeenskap sal gemis word, maar haar nalatenskap van diens en toewyding sal vir altyd onthou word.

*Baie dankie.*

*Na 37 jaar en 7 maande se diens en werksaamhede by Heilbron kliniek wil ek net graag baie dankie se aan my kollegas en die gemeenskap, wat deel was van my loopbaan as verpleegkundige by die kliniek. Dit was 'n groot voorreg om te deel in almal se lief, en om die gemeenskap op hierdie besonderse manier te dien. Weet die kliniek se diens aan die gemeenskap sal altyd van uitstekende gehalte wees.*

*-Hettie Rothman*

# INSPIRASIE RESEPTE



Pasch du Plooy

**STEAKS**

Steak with Café de Paris butter is one of my favourite ways to serve a beef sirloin. The balance and the rich and aromatic butter with the fattiness of a sirloin steak is a perfect match. Although the butter is a lot of ingredients it's worth it to try. It's the perfect go-to sauce for an unexpected braai, so double the recipe and keep some butter in the freezer.

Preparation time – 30 minutes, Cooking time – 10 minutes

Serving – 4 people

**Ingredients for the Café de Paris steak**

4 x 250g 2.5 cm thick aged sirloin steak, 1 tbs salt, 2 tbs cracked pepper

4 tbs olive oil, 1 recipe Café de Paris butter.

**Ingredients for the Café de Paris butter**

200 g soft butter, 5 g tomato sauce, 2.5 g Dijon mustard, 2.5 g capers in brine

12.5 g red onion fine chopped, 5 g fresh parsley, chopped

5 g fresh chives spring onions, chopped, 1 g dried oregano, 1 g dried thyme

2 fresh tarragon leaves, 1 g fresh rosemary, 1 cloves garlic, chopped

2 Italian anchovy fillets, 1 tbs brandy, ½ tbs Worcestershire sauce

½ tbs sweet paprika, ½ tbs mild curry powder, ½ tbs pinch white peppercorn

1 tbs lemon juice and zest, ½ tbs red wine vinegar, Pinch of sea salt.

**Method for the Café de Paris butter**

Add all ingredients, except the butter into a blender and blend till smooth. Now add the butter and blend till well combined. Use cling wrap or foil and roll into 3 cm thick logs and refrigerate until needed.

**Method for the steak**

Remove the steaks from the fridge for at least 30 minutes before cooking.

Preheat a barbecue or braai grill on high heat or hot coals. Rub the steaks with olive oil and season both sides with salt and pepper. Cook the steaks for 3-4 minutes each side for medium-rare or a little longer if desired. While steaks are on the grill, slice your butter into 0.5 cm thick slices. After grilling, transfer your steaks to a serving platter. Now place two rings of butter on each steak, let the butter melt and before serving. Add extra butter if needed.

**How to serve**

Served with crispy chips or over roasted potatoes and fresh rocket salad.










# Oplossing gesoek vir waterkrisis

## *Ingenieur bied gratis dienste aan*

Sekere dele van die Heilbron kry glad nie water nie omrede die druk te laag is en hoër geleë is. Metodes om die beskikbare water meer eweredig aan inwoners te voorsien, vereis kundigheid betreffende moontlike veranderinge aan netwerke, koppelings, en kleppe op strategiese plekke. Die hulp van 'n plaaslike siviele ingenieur, Mnr. A van Jaarsveld, wat uitgebreide kennis van die netwerke het, is aanvaar nadat hy sy dienste kosteloos in belang van die gemeenskappe aangebied het. Hy is uitgenooi om die vergadering by te woon. Na waardevolle insette deur hom, is hy en die amptenary van die munisipaliteit getaak om fisiese inspeksies van die netwerke te doen en om dan met voorstelle te kom oor hoe 'n beter, meer eweredige verdeling van water tussen hoërliggende en laerliggende gebiede bewerkstellig sou kon word.

Die span sal aanstaande week verslag doen wanneer almal weer sal ontmoet, waarna kosteberamings bekom en bespreek sal word. Gegewe Ngwathe se swak finansiële posisie, is die moontlikheid geopper om dalk borge vir sommige van die werke te bekom. 'n Finale besluit in die verband sal egter eers geneem word wanneer die omvang van die verwagte koste bepaal is.

Tydens die besprekings het geblyk dat die waarnemende munisipale bestuurder, Dr. Tseko Mothamaha, juis toe op besoek aan Randwater was om te onderhandel oor 'n afbetalingsplan. Randwater vereis dat die munisipaliteit minstens sy maandelikse verbruikersrekening ten volle diens en 'n vaste afbetaling per maand op die uitstaande skuld doen. Volgens Dr. Mothamaha is voorgestel dat Ngwathe sy skuld uit fondse afkomstig van die sogenaamde "Billike Deel" (Equitable Share), synde 'n interowerheidstoekenning aan Ngwathe, betaal. Daar is ook bevestig dat Ngwathe strenger teen wanbetalers moet optree en die moontlikheid van die installering van voorafbetaalde watermeters is geopper. Volgens hom was die vergadering met Randwater positief, maar dit blyk nie tans of 'n finale ooreenkoms bereik kon word nie. "Ek volg op oor hierdie aspek en sal verdere inligting deel sodra dit beskikbaar raak, en intussen bly ek druk plaas om te probeer verhoed dat Heilbron se watertoevoer nog verder verminder word," sê raadslid Van der Merwe.

"Ek het ook die vergadering daarop attent gemaak dat die hele land tans 'n dreigende waterkrisis beleef. Enersyds is daar 'n tekort aan water, wat binnekort groter gaan word namate onderhoudswerk aan die Lesotho Hoogland Waterskema, wat water aan die Vaaldam voorsien, begin. Tweedens is daar tans kapasiteitsprobleme met watersuiweringsaanlegte, ook van Randwater, omdat herstelwerk en opgraderings oor jare nie gedoen was nie. Daar kan dus nie bloot aanvaar word dat Randwater in staat sal wees om deurlopend 8 Megaliter water per dag aan Heilbron te voorsien indien 'n aanvaarbare afbetalingsplan beding kan word nie. Randwater het reeds in Maart 2024 gewaarsku dat sy reservoirvlakke toe op plekke slegs 30% beloop het.

Daar is besluit dat duidelikheid vanaf Randwater verkry moet word oor die verskaffer se vermoë om weer 8 Megaliter per dag te kan voorsien wanneer die finansiële aspekte aangespreek is. Daar moet ook by die Metsimaholo Munisipaliteit vasgestel word of Deneysville se watersuiweringsaanleg oor surplus kapasiteit beskik wat moontlik via die ou Vaaldampyplyn aan Heilbron verskaf kan word. Verder moet ondersoek word of Heilbron se ou eie suiweringsaanleg weer in diens gestel kan word ten einde water uit die dorp se fontein, wat voorheen 'n deel van die dorp se behoefte vervul het, weer te kan aanwend om beskikbare water aan te vul. Die moontlike aanwending van boorgate moet ook oorweeg word.

Die betrokkenes sal volgende week weer byeenkom om die taakspan se verslag te oorweeg en besluite te neem oor verdere stappe om Heilbron se waterkrisis aan te spreek.

## Spog met vier leerders wat aan Fauresmith Uithourit deelgeneem het

Die afgelope naweek het die enjins weer behoorlik gebrul.

Bertie en Joshua van Wyk het 20-22 Junie deelgeneem aan die jaarlikse Impi Hard Enduro motorfiets uithourit in die Drakensberge.


Dit is 'n gemiddelde afstand van 150km wat gery word oor drie dae op 'n baie uitdagende terrein in die berg.

Hierdie jaar was daar 700 deelnemers van regoor die land.

Baie geluk aan die twee ystermanne!









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum:

Engo




*• Elmarie Els*

**WÊRELD DWELMDAG EN WAT JY DAARVAN MOET WEET.**

Op die 26ste Junie 2024, is Wêreld Dwelmdag gevier en die tema vir 2024 is: "The evidence is clear: invest in prevention."

Die hartseer van vandag is dat ons kinders al op een of meer wyse met dwelms te doen gekry het. Hetsy dit nou in 'n skoolvak was of deur 'n maat, word ons kinders gereeld bewus gemaak van dwelms. Om die omgang van dwelms te verstaan moet daar eers gekyk word na wat presies is 'n dwelm.

'n Dwelmmiddel is enige chemiese, natuurlike of mensgemaakte stof wat, wanneer dit ingeneem word, 'n verandering veroorsaak ten opsigte van die manier wat mense voel, optree of hulsef gedra. Wat skrikwekkend is dat hierdie middel nie slegs onwettig gekry word nie, maar dat sommige soorte wettig is en maklik bekombaar is. Dwelms word deur 2 metodes gemaak, naamlik dit wat natuurlik groei bekend soos dagga en dan die dwelms wat gemaak word deur produkte bymekaar te meng en in 'n dodelike mengsel verander.

**Mites en feite oor skadelike alkohol-/dwelmgebruik**

**MITE 1:** Om skadelike gebruik of afhanklikheid te oorkom, is eenvoudig 'n kwessie van wilskrag. "Jy kan ophou om die dwelms te gebruik as jy regtig wil." FEIT: Verlengde blootstelling aan dwelms en alkohol veroorsaak veranderings in die brein. Hierdie breinveranderings maak dit vir die individu uiters moeilik om slegs met wilskrag op te hou.

**MITE 2:** Afhanklikheid is 'n siekte; daar's niks wat jy daaraan kan doen nie. FEIT: Afhanklikheid is 'n siekte, maar dit beteken nie jy is 'n hulpelose slagoffer nie. Afhanklikheid kan deur terapie, medikasie, oefening en ander behandelings behandel en omgekeer word.

**MITE 3:** Skadelike dwelm- en alkoholgebruikers moet die uiterste laagtepunt bereik voordat hulle beter kan word. FEIT: Behandeling en herstel kan op enige punt tydens die afhanklikheid begin. Hoe vroeër, hoe beter. Hoe langer misbruik aanhou, hoe moeiliker is dit om te behandel. Moenie wag nie, tree onmiddellik op.

**MITE 4:** Jy kan nie iemand dwing om behandeling te ondergaan nie. Hulle moet die wil hê om gehelp te word. FEIT: Behandeling hoef nie vrywillig te wees om suksesvol te wees nie. Iemand wat gedwing word om behandeling te kry kan steeds baat vind en volkome van verslawing herstel.

**MITE 5:** Behandeling het vantevore nie gewerk nie, so daar's geen nut daarin om weer te probeer nie. Sommige gevalle is hopeloos. FEIT: Herstel van dwelmafhanklikheid is 'n lang proses. Dit hou dikwels terugslae in. Terugval beteken nie dat behandeling gefaal het of dat dit 'n verlore saak is nie. Moenie opgee nie.

*Lees die volgende uitgawe van die Heilbron Herald om uit te vind wat is die gevaartekens dat jou tiener dalk dwelms gebruik.*



# KENNISGEWINGS

FORM JJJ

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE**

Kennis word hiermee gegee kragtens Regulasie 68 van die Aktes Registrasiewet, Wet 47 van 1937, van die voornemens om aansoek te doen vir die uitreik van 'n gesertifiseerde afskrif van **TRANSPORTAKTE NO. T13572/1980** gedateer 24 Oktober 1980 gepasseer deur **THOMAS JOHANNES MINNIE,** Gebore op 5 Julie 1909 Blanke Groep ten gunste van **JOHANNES CHRISTOFFEL VAN ZYL**, Gebore op 25 Februarie 1943 Blanke Groep ten opsigte van 1. SEKERE GEDEELTE "A" van ERF NO. 23, gelee in die dorp FRANKFORT, distrik FRANKFORT en 2. SEKERE RESTERENDE GEDEELTE VAN ERF NO. 23, gelee in die dorp FRANKFORT, distrik FRANKFORT wat verlore of vernietig is.

Alle belanghebbende persone wat beswaar het teen die uitreiking van sodanige afskrif word hiermee versoek om skriftelike klagte in te dien by Die Registrateur Van Aktes te 85 Nelson Mandela Rylaan, Bloemfontein Sentraal 9301, binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Vereeniging op 5 Junie 2024.

**ROSSOUW & PRINSLOO ING**
**162 GENERAL HERTZOGWEG**
**DRIE RIVIERE, VEREENIGING**
**Zelda@rossouwprinsloo.co.za**
**TEL: (016) 423 5012**

VORM JJJ

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen vir die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T3084/2001** gepasseer deur **HERMANUS JOHANNES WESSELS SMALBERGER,** Identiteitsnommer 390524 5027 08 8, Getroud buite gemeenskap van goed ten gunste van **LEBAMANG PAULUS PITSO,** Identiteitsnommer 570330 5643 08 6 EN **NOZENZE ANNA PITSO,** Identiteitsnommer 621127 0546 08 5, Getroud binne gemeenskap van goed met mekaar ten aansien van sekere **ERF 50 TWEELING, DISTRIK FRANKFORT, PROVINSIE VRYSTAAT** wat verlore geraak het of vernietig is.

Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Reitz op hede die 18de dag van Junie 2024.

**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

Virenigenuusenadvertensies vir die Heilbron Herald
Kontak gerus vir
Hendie Lötter by 071 175 9807
of heraldnuus@heilbron.co.za

## BESIGHEIDSURE

Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30
Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42, Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

## FOTOSTATE

| | | |
|---|---|---|
| **Swart / Black** | | |
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

Heilbron Herald
HOT Winter SALE
BUY 1 GET 1 FREE NEWSPAPER ADVERT
VALID FROM 24 JUNE – 31 JULY 2024
CONTACT HENDIE: 071175 9807
HERALDNUUS@HEILBRON.CO.ZA

# TE HUUR • TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| 2 Aug. | Suiderkruis Restaurant. |
| | Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| 3 Aug. | BoereTreat |
| 17 Aug. | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| 31 Aug. | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

Laser Cutter & Engraver
NOW AVAILABLE AT HEILBRON HERALD

Heilbron Herald now has high-speed precision cutting. From prototyping to full-scale manufacturing, this laser can cut and engrave quickly and accurately.

Being able to cut and engrave many materials, such as:
- MDF (Pressed Wood),
- Plywood,
- Plastic,
- Plexiglass,
- MFoam,
- Cardboard,
- Leather, etc



44 Els Street, Heilbron
Contact: 058 852 3033 | 081 889 8192

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

VLEISSENTRAAL

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# FLU-VACCINE

*• Heilbron Clinic*

Available at you own clinic for free.






**SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85**
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078



HERALD Sport

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos: heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

# Valsrivier maak geskiedenis

Geskiedenis is gemaak deur vier dames pare spane van Valsrivier wat deurgedring het na die finale van die NFS pare die afgelope naweek. Dit is op die bane van Kroonstad Bowling Klub gespeel. Nog nooit voorheen het dit gebeur nie en selde dat 'n streek dit kon regkry. Goudveld en Riemland, met die grootste aantal spelers, moes verslae toekyk hoe Valsrivier al die medaljes inpalm. Heilbron se Ellie van Coller, Tracy Jacobs, Sonja Muller en Hannalie Claassen was deel van die gebeurtenis. Silwer vir Ellie en Tracy en brons vir Sonja en Hannalie. Op die foto's saam met die spelers verskyn mnr Jan Coetzee, president van Noord Vrystaat Rolbal wat die medaljes oorhandig het. Komende naweek is dit die Valsrivier enkels wat gespeeel word. 'n Hele paar Heilbronners neem daar deel.



*Op die foto vl: Ellie van Coller, Jan Coetzee (President van Noord Vrystaat Rolbal) en Tracy Jacobs.*



*Op die foto vl: Hannalie Claassen, Jan Coetzee (President van Noord Vrystaat Rolbal) en Sonja Muller.*

# Heilbron Duiwenuus

Verlede Saterdag was die wedvlugte vanaf Colesberg oor 'n afstand van 472km. 'n Redelike wind van agter het die duiwe aangehelp tot in Bloemfontein. Vandaar het hulle 'n noordweste wind van voor gekry. Die voorste duiwe het 'n gemiddelde spoed van 70 kpu gevlieg.

Heilbron het baie goed gevaar. Dries Cilliers wen die ope afdeling in die NFS Bond. Piet van Zyl se voorste jong duif was tweede in die NFS bond.

**Colesberg JO**

1. Zenith Hokke
2. Zenith Hokke
3. Zenith Hokke
4. D Cilliers
5. D Cilliers
6. D Cilliers
7. Zenith Hokke
8. Zenith Hokke
9. Zenith Hokke
10. Zenith Hokke

**Colesberg Ope**

1. D Cilliers
2. Zenith Hokke
3. Zenith Hokke
4. D Cilliers
5. D Cilliers
6. F Viviers
7. D Cilliers
8. Zenith Hokke
9. D Cilliers
10. D Cilliers



*Op die foto Dries Cilliers met sy Noord Vrystaat Bond wenner.*

# Kransfontein Resiesduifklub

Op Saterdag 22 Junie 2024 het Kransfontein Resiesduifklub vannaf Springfontein gevlieg. Die duiwe is om 08:00 gelos en hulle het oor 'n afstand van 378 kilometer terug na Reitz gevlieg. Agt lede en 239 duiwe het deelgeneem. Die wenduif is om 12:34 geklok.

1.Wolmarans Hokke A, 2. Du Plessis Hokke, 3. Heine Hokke, 4. Heine Hokke, 5. Reitz Lofts 3, 6. Reitz Lofts 2, 7. Reitz Lofts 2, 8. JJ Lofts, 9. Wolmarans Hokke A, 10. Du Plessis Hokke.



*Op die foto is Fritz Wolmarans van Wolmarans Hokke A met die wenduif.*

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 1 JULIE 2024
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036
DINSDAG - 2 JULIE 2024
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223
ERMELO: ERMELO BONSMARA GROEP PRODUKSIEVEILING
11:00, The Bull Ring Auction House, Davel
Kontak Dave Harris 082 573 7979
WOENSDAG - 3 JULIE 2024
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
DONDERDAG - 4 JULIE 2024
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
HARRISMITH: MANDY FARMING PRODUKSIEVEILING
11:00, Welgegund
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036
VRYDAG - 5 JULIE 2024
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

